

23 FEBRUARIE

SKRIFGEDEELTE: NEHEMIA 7:73-8:19
FOKUSGEDEELTE: NEHEMIA 8:6-13

Verbly u in die wet van die Here!

Ongeveer veertig jaar nadat Juda in ballingskap weggevoer is, kon hulle na Jerusalem terugkeer. Nie alleen moes die stadsmuur en tempel herbou word nie, maar die wet van God moes ook opnuut aan die volk bedien word. Die Babiloniese ballingskap, net soos die Egiptiese slawerny, het groot geestelike veragtering meegebring. So gebeur dit altyd: Waar die Woord nie daaglik in die lewe van 'n volk of individu spreek nie, is geestelike verarming die logiese gevolg.

Maar nou – op Nuwejaarsdag, kort ná die voltooiing van die stadsmuur – word die wetboek van Moses weer aan die volk voorgehou! Esra lees die Hebreeuse teks en die Leviëte verklaar dit in Aramees. Deur hulle kontak met die Woord het die volk skatryk geword daar in die Waterpoort. Dat hulle opgestaan het en hulle hande opgehef het, sê duidelik hoeveel eerbied hulle vir die Woord gehad het. Met hulle dubbele “amen” neem hulle die Woord wat Esra bedien het, vir hulle eie rekening.

Die volk is diep geraak deur die woorde van die wet. Hulle besef hoe ver hulle tekortskiet en hoe skuldig hulle voor God is, maar juis daarom kon die goeie boodskap van God se liefde vir berouvolle sondears met soveel seën aan hulle bedien word! Opregte sondebeseft berei die weg vir ware blydskap. Wie met tranesaaie, kan met vreugde maai!

Is u dankbaar genoeg teenoor die Here, wat onder die las van u ongehoorsaamheid gesterf het, sodat die wet as reël van dankbaarheid aan u gegee kon word?

Sing: Psalm 119:6, 7 (Totius)

Ds Koos Cloete (Koster)